NASIONALE JEUGSKOU

BOERBOK
KENNISHANDLEIDING

2006



1. VOORBEREIDING VIR DIE SKOU

1.1 VOEDING

'n Dier in 'n swak kondisie is geen advertensie vir die boer nie. Omdat skouvoeding baie duur is en hoë onkostes verbonde is aan 'n skou, moet die boer diere selekteer wat fenotipies korrek is volgens die rasstandaarde. Die voer en 'n gebalanseerde rantstoen moet vroegtydig voor 'n skou begin word, ± 5 maande.

1.2 VOORBEREIDING VAN DIE DIER

Hierdie proses moet op die plaas gedoen word waar die dier aan die omgewing gewoond is. Op 'n skou is daar vreemde geluide, mense en diere wat tesame met die vervoer na die skou spanning (stres) vir die dier veroorsaak. Spaar die dier asseblief verdere spanning, want indien sy dragtig is kan dit jou dalk 'n lam kos.

Horings

Moet glad geskuur wees. Meubelolie kan net voor beoordeling aan die horings gesmeer word vir verdere afronding.

Was

Was die dier met 'n seepmengsel wat nie te sterk is wat sy vel gaan irriteer nie. Laat die dier in die son afdroog.

NB : Moenie die waslaag in die binnekant van die ore afwas nie, dit is 'n natuurlike beskermingsmiddel.

Hare Knip

Knip of skeer die hare op die voorkop by die kroontjie om 'n geboë kopvorm te verseker.

Stert

Sny die hare aan die kant egalig sodat 'n mooi oop onderstert vertoon word.

Pote

Kloutjies moet netjies geknip word asook die hare op die kroon sodat dit netjies en afgerond vertoon.

Borsel

Borsel jou bokkie gereeld met 'n gewone skrapborsel of poedelborsel.

1.3 BENODIGDHEDE WAT MOET SAAMGAAN SKOU TOE

Borsels en seep (sou die dier buikloop kry om te was);
Medisyne;
Spuite en naalde;
Cuvadel om maagwerk te stop (spanning is die oorsaak);
Voer- en waterbakke en voer. Laasgenoemde moet genoeg van saamgeneem word omrede daar altyd 'n tekort daarvan by skoue is.
Besems om voor krale te vee.

2. BOERBOKRASSTANDAARDE

2.1 BOUVORM

Kop
'n Sterk kop. Groot oë met sagte uitdrukking (nie wild nie). Sterk, effens geboë neus, wye neusgate, sterk goedgevormde bek met kake wat goed sluit. Voorkop prominent gebuig, aaneensluitend met buiging van die neus. Horings sterk, van middelmatige lengte, redelik wyd geplaas, met geleidelike buiging na agter. Horings so rond en solied as moontlik en donkerkleurig. Ore, mooi breë gladde ore van middelmatige lengte, wat langs die kop afhang. Rooi kop met bles.

Nek en Voorkwart
Die nek moet matig in lengte en in verhouding met die lyf wees, vol en goed gevlees en goed aansluit by die voorlyf. Die skouer moet stewig gesluit, goed gevlees en breed wees. Die borsbeen moet breed wees, met 'n diep prominente en breë borsstuk. Die blad moet in verhouding goed gevlees wees en goed aansluit by die skof. Die skof moet so breed en vol wees as moontlik (nie skerp nie). Voorbene moet van middelmatige lengte wees, en in verhouding met diepte van lyf. Bene moet sterk en goed geplaas wees met sterk kootgewrigte, reggevormde hoewe, so donker as moontlik.

Middelstuk
'n Lang, diep en breë romp is ideaal. Die ribbes moet goed gewelf, goed gevlees, en die lende goed gevul wees. Die bok moet 'n sterk, breë en redelike reguit rug hê, en nie geknyp wees agter die blaaie nie.

Agterlyf
Die kruis moet breed en lank wees en nie te veel hang nie. Goed gevleesde boude wat nie plat is nie, en dye wat breed en vol vleis is, is ideaal. Die stert moet reguit uit die stertwortel uitgroei.

Bene
Klem moet gelê word op die bene wat sterk (goeie tekstuur) en goed geplaas moet wees. Sterk bene gaan gepaard met gehardheid en goeie konstitusie; 'n eienskap wat absoluut onontbeerlik is by die Boerbok.

2.2 GROOTTE

'n Groot, swaar bok met maksimum vleisproduksie is die ideaal. 'n Goeie verhouding tussen lengte van been en diepte van lyf moet op alle ouderdomme gehandhaaf word.

Vel en Bedekking
Los, soepel vel met voldoende bors en nekplooie, veral by die ram. Ooglede en nie-haargedeeltes moet gepigmenteer wees. Die kaal vel onder die stert moet minstens 75% gepigmenteer wees (100% pigment die ideaal). Kort en gladde haar wat 'n glans het, word verkies. 'n Beperkte hoeveelheid dons sal in die wintermaande toegelaat word.

Geslagsorgane
'n Goedgevormde uier met matige lang spene by ooie, met twee funksionele spene aan elke kant (nie dubbelspeen). Twee matige, groot goedgevormde en gesonde teelballe in een sak, by ramme. 'n Sak, nie meer as 5 cm gesplete, is toelaatbaar.

Kwaliteit
Kwaliteit word aangedui deur die volgende eienskappe: 'n Veredelde voorkoms met veral 'n sterk kop, mooi na agter gebuigde ronde horings; los, dik, soepel en geplooide vel (veral ramme), kort gladde hare met 'n mooi glans. Hiermee saam moet die dier 'n lewenskragtige houding hê.

Kuddebok
'n Kuddebok is 'n bok wat nie voldoen aan vereistes vir stoet nie, maar geen prulfoute het nie. Minstens 50% van die kleur moet wit wees, die ander 50% mag enige kleur wees (nie swart). Lang growwe bedekking is ook by die kuddebok ongewens. Onder die stert moet die kuddebok minstens 25% gepigmenteer wees. Ramme moet voldoen aan die kleurpatroon soos vasgestel vir stoet-doeleindes, maar die kleur mag 25% rooi wees.

Algemene Voorkoms en Tipe
'n Mooi simmetriese bok met 'n sterk, lewens-kragtige voorkoms en genoeg kwaliteit.

Kenmerkende Prulfoute
Hol voorkop, spits bek, té regop horing, té dun plat horings, gevoude (in die lengte gevou) ore, stywe wegstaande ore, té lang dun nek, té lang of kort onderkaak, té los skouers, lang, dun bene, té hol rug, slap kootgewrigte, 'n kruis wat te veel hang of te kort is, sekel-, koei- of hoenderhakke, plat boude, X-voorbene, te klein teelballe, sak meer as 5 cm besplete by ramme, kloue wat uit of indraai, te lang, growwe bedekking, te veel donsige bedekking, te dik of kalbasspene of dubbelspeen by ooie, minder as 25% pigment.

Verduideliking van Rasstandaarde
Die grootste deel van die bok se lyf moet wit wees omdat dit baie opsigtelik is, en die bymekaar maak van bokke in ruie veld vergemaklik. 'n Gepigmenteerde vel op die nie-haarbedekte gedeeltes, soos bv. onder die stert, rondom die ooglede en bek, is uiters noodsaaklik omdat dit weerstand bied teen sonbrand, wat later mag oorskakel in velkanker. 'n Gepigmenteerde vel is ook baie bestand teen velsiektes. Die kleur van die pigment moet donker wees (rooi of pienk is ongewens). Onder die stert moet die vel ook ten minste 75% gepigmenteerd wees vir stoet- en 25% vir kuddedoeleindes wees.

'n Los, soepel vel is noodsaaklik uit 'n oogpunt van aanpassing by klimaatsomstandighede. In Suid-Afrika wat 'n warm en sonnige land is, is 'n dier met 'n los soepel vel en kort hare beter aangepas; daarbenewens bied so 'n vel ook meer weerstand teen uitwendige parasiete.

2.3 KLEUR

'n Wit bok (in geheel wit) met 'n rooi kop en bles, is die ideale kleur. Die volgende is ook toelaatbaar vir stoetdoeleindes:

Kop
'n Rooi kop sonder 'n wit bles of kol voor die kop. 'n Rooi kol van minstens 10 cm in deursnee aan albei kante van die kop of wang, ore uitgesluit. Die rooi kop varieër van bleekrooi tot rooibruin, maar swart, geel of vaal, of 'n mengsel van swart en geel is nie toelaatbaar nie.

Nek en voorkwart
Rooi kleur is toelaatbaar aan die nek en voorkwart, beperk tot nie verder as die bladbeen, en nie laer af op die blad as gelyk met die borsaansluiting nie.

Middel, agterstel en onderlyn
Net een kol op hierdie gedeeltes van maksimum 10 cm in deursnee.

Bene
Onder die term "bene", word verstaan dié gedeelte onder 'n denkbeeldige lyn van die bors en onderlyn. Kolle op die bene moet geskei word van dié op die voorkwart en pens. Twee kolle met maksimum van 7,5 cm is toelaatbaar.

Stert
Die stert mag rooi wees, maar die rooi mag nie verder strek as 2,5 cm op die lyfgedeelte nie.

Rooi hare en bedekking
Baie min rooi hare is toelaatbaar op 2 tand ouderdom.

Pigmentasie
Diskrimineer teen té ligte pigmentasie.

3. BEMARKING EN WAARDE VAN DIE BOERBOK

3.1 ALGEMEEN

Ekonomiese boerdery beteken winsgewendheid m.a.w. hoe hoër wins jy maak uit jou boerdery onderneming hoe meer ekonomies of betalend is dit. Boerdery is vandag 'n besigheid en dit is rand en sent wat praat. Met die hoë pryse van grond en steeds stygende koste van boerdery uitgawes word die winsgrens kleiner en plaas dit die uitdaging aan die boer om die hoogste moontlik produksie op sy plaas te verseker sonder om sy natuurlike hulpbronne (grond, veld en water) te verswak en terselfdertyd as bewaarder op te tree.

Die boer is dus aangewese om met die dier of gewas te boer wat in sy klimaats- en grondtoestande vir hom die hoogste opbrengs en wins sal verseker.

Dit is hier waar die Boerbok in die prentjie kom. Vleis en vel is die hoofbron van inkomste uit u boerbok.

3.2 PRODUKTE VAN DIE BOERBOK

Die ekonomiese waarde van die boerbok word ten eerste bepaal deur sy produkte, nl. sy vleis en sy vel. Die melk speel 'n ondergeskikte rol.

Vleis
Die boerbok word hoofsaaklik aangehou vir vleisproduksie en as sulks het dit nog altyd 'n ekonomiese rol gespeel in die vleishandel. Indien 'n boerbok op 'n vroeë stadium geslag word, is die vleis geurig sag en uiters aantreklik in teenstelling met die van 'n ou bok waarvan die vleis taai en soms 'n ongewenste geur het. Boerbokke moet op 'n jong ouderdom bemark word om die verbruiker van bokvleis aan te moedig en die karkas moet nie meer as 23 kg aan die haak weeg nie. Hoe beter die tipe bok waarmee geboer word hoe beter die gehalte van die vleis en hoe hoër die uitslagpersentasie volgens ouderdom.

Die beste bemarkbare lewendige massa vir jong bokkies is tussen 40 en 50 kg. Bokke word hoofsaaklik direk van die plaas af bemark.

Die vel
Die boerbok se vel het 'n hoër leerwaarde in vergelyking met die van ander kleinveerasse, sowel as die van beeste. Die hare wat die vel dra bepaal die gehalte van die vel. Hoe korter die hare hoe hoër is die gehalte van die vel.

Langhaarbokke het 'n swakker gehalte vel, dus moet ons streef om 'n boerbok te teel met 'n kort, gladde haar. Die velle van boerbokke word vir boleer van skoene, handsakke en boekoortreksels gebruik.

3.3 KARAKTEREIENSKAPPE

Daar is egter ook ander besondere karaktereienskappe van die boerbok wat bydra tot sy nut en ekonomiese waarde as veedier in die boerdery struktuur in S.A.

Gehardheid en aanpasbaarheid
Gewis seker een van die gehardste kleinveerasse op aarde met 'n wye aanpassingsvermoë, derhalwe word dit onder 'n groot verskeidenheid en klimaats- en weidingstoestande aangetref.

Die boerbok is 'n goeie stapper, het stewige bene en beweeg maklik in ruwe bergagtige dele en deur digte struike. Dit doen dus goed in dorre droë streke, waar die klimaattoestande te straf is vir ander soorte kleinveerasse en waar die veesuipings beperk is. Gedurende droogtes kan die boerbok seker die langste sonder byvoeding of voer klaarkom.

Die boerbok is ook besonder gehard of bestand teen siektes soos bloutong, geilsiekte en tot 'n mindere mate bloednier. Sover bekend, kry boerbokke glad nie bloutong nie. Sy weigewoontes maak hom ook minder ontvanklik vir bestemming deur inwendige parasiete, omrede die boerbok verkies om hoog te vreet indien sodanige weiding soos bos en struikveld, beskikbaar is. Die boerbok vreet ook nie laag op die grond vroeg in die oggend, wanneer die veld nat is met dou, nie. Hierdie toestande is die gunstigste vir besmetting deur inwendige parasiete, wanneer die parasietlarwes hoog teen die veldbedekking opbeweeg in die dou.

Die boerbok het ook 'n lang lewensduur en kan 'n ekonomiese produksie handhaaf tot ongeveer die ouderdom van tien jaar of langer.

3.4 VELDBENUTTING

Bokke verkies bome en bosse as basiese dieët, maar sy besondere ekonomiese waarde lê juis daarin dat hy sekere plante wat minder smaaklik is vir ander veerasse, benut. Sodoende handhaaf hy die balans in die natuurlike plantegroei en sal hierdie onsmaaklike plante nie ten koste van die goeies vermeerder en later oorheers nie. Verskeie voorbeelde hiervan is aan ons bekend dwarsdeur die land, selfs waar boerbokke renosterbos gevreet het waar daar erg oorbewei was.

Bosindringing is een van die grootste probleme waarmee die soetgrasvelddele van die Republiek en Namibië te kampe het. Bosindringing is ten dele 'n natuurlike proses, maar dit word erg bespoedig deur onoordeelkundige beweidingsmetodes en oorbeweiding.

Die stelling wat so dikwels gemaak word dat bokke die veld verniel is waar in 'n sekere sin, nl. waar die bok geforseer word. Waar die bokke die veld verniel wys die vinger na die boer as 'n swak bestuurder. Die Geslagsfisiologie, ekonomie van die boerbok as rooivleis produseerder en sy plek in die grasbosgemeenskappe word ondersoek om sy rol en nut as bos- en struikvreter te bepaal en sy weigewoontes te bestudeer.

3.5 BOME EN STRUIKE WAT DEUR BOKKE GENUT WORD

Deurmekaar bos; Taaibos; Blinblaar wag-'n-bietjie; Vaal rosyntjiebos; Kuisbessie (Maretla) Karee; Acacia (Soetdoring. sekelbos en haak-en-steek).

3.6 VRUGBAARHEID & LAMPRESTASIE

Gelukkig het die boerbok 'n vrugbaarheid van oor 90% en kan dit met goeie bestuur (goeie weiding en versorging) feitlik gereeld elke agt maande lam. Die lampersentasie van die bok is gemiddeld 160 tot 200%. Meeste ooie lam tweelinge, terwyl een- en drielinge ook voorkom.

3.7 GROEISNELHEID

Groeisnelheid is gekoppel aan voldoende melkproduksie en goeie moedereienskappe by die ooie. Indien die ooie redelik goed geteel is, sal hulle genoeg melk produseer om twee bokkies vinnig te laat groei. Normaalweg het hulle te veel melk in die begin vir die bokkies en moet daar gewaak word teen uierontsteking. Ooie met klein bokkies moet goeie weiding kry om te verseker dat hulle voldoende melk sal hê.

3.8 VLEISPRODUKSIE

Soos reeds genoem is vleis verskaf deur die bok die hoofbron van inkomste. Dit is 'n goeie bron van voedsel vir die laer inkomstegroepe van die bevolking en 'n gewilde slagding op plase. Boerbokke bemark op 'n ouderdom van 6 tot 15 maande, se vleis is geurig, sag en uiters aantreklik. In teenstelling is die vleis van 'n ou bok taai en het dit som 'n ongewensde geur. Dit moet op 'n jong ouderdom bemark word om die verbruik van bokvleis aan te moedig en die kárkas moet nie meer as 23 kg weeg nie. Hoe beter tipe bok mee geboer word, hoe beter sal die gehalte van die vleis wees en hoe gouer sdal hy bemarkbaar wees op 'n vroeë ouderdom.

3.9 POTENSIAAL

Aangesien daar vir vleis 'n groot toekoms in ons land voorspel word is dit seker nie nodig om daarop uit te brei nie. Die afset van bokvleis in die toekoms lyk rooskleurig, want dit toale swart bevolking van oor die 30 miljoen is potensiële verbruikers. Die slag van 'n bok om sekere godsdienstige en ander gedenkwaardighede te vier, is deel van hul geloof en tradisie. Onder hierdie kategorie val veral die Swartman en die Indiër, alhoewel die kleurling op die platteland ook bokvleis verkies.

DELE VAN 'N BOERBOKRAM



1.	Bek	2.	Neusgate	3.	Neusbeen
4.	Wang	5.	Oog	6.	Voorkop
7.	Oor	8.	Nek	9.	Skouerpunte
10.	Skouer	11.	Voorarm	12.	Knie
13.	Pypbeen	14.	Kloutjies	15.	Hartgordel
16.	Bors	17.	Pens	18.	Rug
19.	Lende	20.	Kruis	21.	Heupbeen
22.	Sitbene	23.	Binnedy	24.	Buitedy
25.	Hak	26.	Skeen	27.	Kootgewrig
28.	Ribbes	29.	Skrotum / Uier Ooi		

SIEKTES BY BOERBOKKE

1. Bloednier
2. Blou-uier
3. Pasturella (Longsiekte)
4. Brucellose (Bybalontsteking) REV.1.
5. Ensoötiese Aborsie
6. Corynebakterium (Aansteeklike Swere)
7. Klem in die kaak
8. Sponssiekte
9. Vuilbek
10. Maagwerk by suiplammers
11. Vrotpootjie

Vir al die bogenoemde siektes is entstowwe beskikbaar of kan met antibiotika behandel word.

INWENDIGE PARASIETE

1. Lintwurm
2. Neuswurm
3. Rondewurm
4. Lewerslak

Parasiete kan gedoseer word.

UITWENDIGE PARASIETE

1. Blouluis
2. Bosluis

Dip of opgietmiddels word gebruik.

Ramlammers word op ± 4 weke gekastreer met 'n mes, bordizzo of rekkies.

Boerbokke

1. Was en Voorbereiding

Benodigdhede:

Medium skêr
Klein skêr
Rasper
Handdoek
Waslap
Sjampoo
Klein lappie
Roulynolie
Skuurpapier
Hoefskêr of snoeiskêr
Halter of nylontou
Borsel
Emmer

(a) Maak bok stewig vas – redelik kort. Tap emmer vol water.
(b) Draai kraan oop. Die water mag nie sterk spuit nie, net matig.
(c) Begin bok natmaak agter sy kop, oor sy liggaam en bene.
(d) Gooi sjampoo vanaf sy agterkop tot by sy kruis. Onthou sy gesig en ore mag nie natgemaak of met sjampoo in aanraking kom nie omdat dit 'n chemise middle is wat sy oë, neus en bek kan brand.
(e) Begin nou die bok te was oor sy rug, linkerkant tot by sy stert. Gebruik jou hande deur die sjampoo in te vryf. Was nou aan die regterkant tot voor by sy bors. Was teen grein van die haar.
(f) Die pens word laaste gewas omdat alle vuilheid van bo af afloop. Heel laaste word die bene gewas en die kloutjies deeglik met die borsel geskrop.
(g) Neem nou die pyp en spoel die skuim deeglik af. Spuit teen die grein van die haar. Onthou geen skuim mag agterbly nie – veral onder die pens en aan bene.
(h) Neem die borsel en borsel die hare gelyk van voor na agter.
(i) Droog af met die handdoek.
(j) Neem die waslap, maak klam en vee die gesig af, om sy bek, neusgate en oogholtes. Gebruik die waslap om binne die ore uit te vee sonder om waslagie te beskadig.

Voorbereiding

Die bok is nou afgedroog.

(a) Gebruik die medium skêr en knip die kuif (kop) voor die kop asook by bors onder blaaie en draaihaar (krone) langs pens.
(b) Knip die sterthare aan weerskant van die stert +- 1 cm van die vel. Moenie die stert se punt afknip nie.
(c) Gebruik die klein skêr om hare om die bek en om die ore asook binne in ore te knip.
(d) Knip hare by horing-basisse.
(e) Knip hare om kloutjies begin linkerkant voor.
(f) Vyl horings mooi rond met vyl en skuur af met skuurpapier.
(g) Sny kloutjies mooi gelyk met hoefskêr.
(h) Smeer olie aan horings en kloutjies met klein lappie.
(i) Borsel met droë borsel hare gelyk van voor na agter.

2. Vertoonkuns – skouman

Die idée is om die dier so te vertoon dat dit op sy beste lyk soos by 'n gewone skou. Al verskil is dat by die jeugskou word die hanteerder beoordeel, en nie die dier nie. Die diere word min of meer gehanteer soos deur die Telersgenootskap onderskryf word.

Die volgende moet altyd onthou word wanneer jy die ring binnekom:

(a) Konsentrasie – vergeet van almal buite die ring.
(b) Oogkontak met beoordelaar.
(c) Moet nooit tussen dier en beoordelaar beweeg nie.
(d) Netheid van jouself en die bok. Klere netjies, waterskoene skoon en bok mag nie strooi en ander vuilheid aan hom hê nie.

(a) Kom nou ring binne aan linkerkant van die bok met jou regterhand op linkerhoring en linkerhand onder bok se kakebeen. Moenie aan albei horings trek nie, horing kan afbreek.
(b) Beweeg kloksgewys totdat beoordelaar of ringbeampte jou wys om te staan. Bly aan linkerkant en moenie die ring se hoeke sny nie. Gaan staan aan bok se linkerkant met jou skoene effens van mekaar geplaas. Die bok se voorbeen moet in 'n reguit lyn met jou hemp se knope wees.
(c) Wanneer jy gaan staan, maak die bok se bene reg sodat sy voorbene langs mekaar regaf staan en agterbene effens na agter 'n entjie van mekaar af. Gebruik jou skoen om agterbene te druk. Tel bok se voorlyf effens op en laat sak stadig dan sal voorbene reg staan.
(d) Wanneer jy tevrede is alles is reg, kyk dan op. Onthou om jou dier mooi te laat staan. Wanneer jy opkyk, beteken dit jy is nou klaar en kan maar beoordeel word.
(e) Die beoordelaar gaan nou vra dat die bok se voorkwart weer dwars, agterkwart, weer dwars ens. Gedraai word. In alle gevalle moet jy op jou plek bly en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts beweeg nie.
(f) Reageer flink op die opdragte. Tel stadig by jouself tot by vyf. In hierdie tyd moet die bok se voorbene en agterbene reg staan. Gebruik jou een hand as hefboom om die bok reg te druk. Die ander hand bly aan die bok se horing, of ruil om indien nodig.
(g) Die beoordelaar gaan nou vra dat jy jou bok moet vertoon. Los die bok en probeer hom so na as moontlik aan die beoordelaar kry

sonder om hande te klap. Hou oogkontak en as die beoordelaar na regs of links beweeg, beweeg verder om die bok weg van die beoordelaar. Moenie tussen die beoordelaar en bok beweeg nie. As die beoordelaar staan en die bok staan, gaan staan, hou oogkontak en hande langs sye.

(h) Op die bevel "vang maar", druk die bok in die naaste hoek vas. Vang aan die linker agterbeen met jou regterhand bokant die bok se haakskeen.

(i) Beweeg nou weer links om en gaan staan op jou plek.

(j) Maak bok se bene reg en kyk op.

(k) Die beoordelaar kan nou weer vra om jou bok in verskillende rigtings te draai. Hy gaan verwag dat jy die bewegings vinniger moet doen. KOnsentreer hard want hier gaan jy uitgevang word.

(l) Daar kan van jou verwag word om jou die te ruil met 'n ander deelnemer veral as jy 'n moeilik hanteerbare bok het.

(m) As die beoordelaar jou vra om die bok se bek oop te maak, gebruik jou linkerhand se duim en wysvinger, draai die bok se kop na die beoordelaar en trek sy bo en onderlip weg van mekaar.

(n) Leer om die verskillende ouderdomme van boerbokke te ken, want jy gaan gevra word hoe oud die dier is.

Boerbok – groep

(a) In 'n groep is daar drie deelnemers. Rangskik julle van groot na klein of andersom. Die persoon in die middel gee die tekens. Verkieslik drie dogters of drie seun.

(b) By groepe gaan dit oor eenvormigheid en goeie samewerking.

(c) Klere en skoene moet presies dieselfde lyk. Haal horlosies af en dogters moet eenderse haarrekkies hê. Belts moet dieselfde wees. Steek hemde in by broek.

(d) Kom by die ring binne met jou regterhand aan die bok se linkerhoring en linkerhand onder die bok se kakebeen.

(e) Beweeg kloksgewys as 'n groep en hou die spasies tussenin dieselfde. Behou oogkontak met die beoordelaar.

(f) Wanneer julle gaan staan, maak bok se bene reg. As een van die bokke moeilik hanteer, wag die ander twee van die groep totdat alles onder beheer is.

(g) Die middelste persoon gee nou die teken (met 'n klik van die tong) en almal kyk nou gelyk op.

(h) Die bevele gaan nou kom dat julle die bokke in verskillende rigtings draai (bv. Na voor, dwars, na agter ens.)

(i) Doen alles gelyk en flink. Hou heeltyd die spasies tussen julle dop asook die reling agter julle.

(j) As julle die bokke vertoon, probeer in dieselfde volgorde bly soos julle gestaan het.

(k) Druk die bokke na die beoordelaars en behou oogkontak. Moenie tussen die beoordelaars en die bokke kom nie.

(l) Wanneer julle vang, druk die bokke in die naaste hoek vas. Wag tot almal gereed is, vang gelyk en beweeg in volgorde na julle plekke toe.

(m) Kry die bokke se bene reg, en kyk gelyk op.

(n) Vinniger bewegings, voor, agter, dwars kan nou gevra word.